

Kennis van basiese bewerkings

Vraag 1:


1.1) Skryf slegs die regte antwoord neer.

(a) $12 \times 1 =$		(b) $15 \div 1 =$		(c) $3 + 6 + 0 =$	
(d) $15 \times 0 =$		(d) $9 \div 9 =$		(e) $10 + 4 \times 6 \times 1 =$	
(f) $1 \times 1 =$		(g) $12 \div 12 =$		(h) $5 + 7 \times 0 =$	
(i) $0 \times 9 =$		(j) $1 \div 0 =$		(k) $0 \div 7 + 4 =$	

1.2) Vul in < ; > of =

(a) $4 \times 5 \times 6 =$		(b) $3 \times 5 \times 4 =$	
(c) $8 \times 3 \times 10 =$		(d) $100 \div 4 \times 3 =$	
(e) $9 \times 9 \times 2 =$		(f) $1\,000 \div 8 \times 2 =$	
(g) $2 \times 50 \times 10 =$		(h) $140 \div 2 \times 2 =$	
(i) $4 \times 4 \times 2 \times 2 =$		(j) $1000 \div 8 \div 125 =$	

Toepassing

Vraag 2: Hierdie vrae is van toepassing op 'n dobbelsteen met 6 vlakke.

2.1) Bestudeer die dobbelstene en beantwoord die vrae.

(a) Hoeveel vlakke gaan 4 dobbelstene hê?	
(b) Wat is die meeste aantal kere wat 'n "6" gegooi kan word as 10 dobbelstene saam gerol word?	
(c) Bereken die totale aantal kolletjies wat op al 4 die dobbelstene verskyn. Skryf eers 'n getaltesin en dan die antwoord.	

(d)	Wat is die waarskynlikheid dat 'n "2" gegooi gaan word, indien slegs 3 van die dobbelstene gebruik word?	
(e)	Wat is die waarskynlikheid dat 'n ewe getal gegooi sal word as slegs een dobbelsteen gebruik word?	
(f)	Wat is die kans dat 'n onewe getal gegooi sal word, indien al vier die dobbelstene gegooi word?	
(h)	Hoeveel faktore van 12 is op een dobbelsteen?	
(i)	Hoeveel dobbelstene is gerol om die volgende getallesin voor te stel? $(6 \times 6) + (6 \times 5) + (6 \times 4) + (6 \times 3) + (6 \times 2) + (6 \times 1)$	
(j)	Bepaal die antwoord van die antwoord by (i)	

Redenering

Vraag 3:

- (a) Drie dobbelstene word gerol en die tellings word dan vermenigvuldig. Die produk is 72. Wat is die som van die drie tellings? Skryf ook die getallesin neer.

- (b) Drie dobbelstene word gerol en die tellings word dan vermenigvuldig. Die produk is 90. Wat is die som van die drie tellings? Skryf ook die getallesin neer.

- (c) Drie dobbelstene word gerol en die tellings word dan vermenigvuldig. Die produk is 216. Wat is die som van die drie tellings? Skryf ook die getallesin neer.

- (d) Bereken die produk van die kolletjies aan die onderkant van die dobbelstene.